de wet van schalkwyk

ING./INC. ▮ GEREGISTREERDE GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS & OUDITEURS ▮ REGISTERED CHARTERED ACCOUNTANTS & AUDITORS (SA)

Geagte kliënte,

Besigheid het waarskynlik meer dramaties verander oor die afgelope dekade as gedurende enige ander 10-jaar-tydperk in die geskiedenis.

Sommige van die groot veranderinge aan die manier waarop ons sake doen op 'n daaglikse basis, sluit die volgende in: virtuele kantore, die "Cloud", nuwe kommunikasie mediums en mobiele lewe. In 'n onlangse wêreldwye studie het Hoof Uitvoerende Beamptes hul top 5 sake-uitdagings gelys as menslike hulpbronne, kliënte verhoudings, innovasie, operasionele uitnemendheid asook hul korporatiewe handelsmerk en reputasie.

Die rekeningkundige- en oudit-professie is nie immuun teen hierdie mega-skuiwe nie, en gaan ook deur 'n paar groot veranderinge. Ons kliënte benodig 'n wyer verskeidenheid besigheid en finansiële dienste as ooit tevore. Hulle wil nie net die "vanilla opsie", wat insluit die standaard voldoening, belasting voorbereiding en basiese boekhouding, hê nie.

Om vir ons kliënte relevant te bly en aan die voorpunt van dienslewering te staan, is dit vir ons aangenaam om aan te kondig dat vanaf **4 April 2025, De Wet Van Schalkwyk** deel vorm van die nasionale professionele assosiasie, genaamd **"The Core Group".**

Ons glo dat hierdie assosiasie ons sal toelaat om 'n wyer verskeidenheid dienste, meer diepte en bo alles, meer waarde aan ons kliënte te verskaf. Hierdie nasionale assosiasie sal ons toegang gee tot en toelaat om dienste te lewer wat die volgende insluit:

- rekenmeestersdienste;
- oudit dienste;

▮ tel 011-348 8200 ▮ e-mail ddw@ddw.co.za ▮ Unit S3, Executive City, cnr Cross Street & Charmaine Avenue, President Ridge, Randburg 2194 ▮ director SP van Schalkwyk CA (SA)/ RA ▮ director J van Schalkwyk CA(SA)
▮ Reg. No. 2002/014122/21 ▮ Website: www.ddw.co.za

- belasting opinies & beplanning;
- beleggings;
- besigheids- en lewensversekering;
- B-BBEE dienste;
- sekretariële dienste;
- opleiding;
- korttermyn versekering;
- Inligtingstegnologie (IT);
- bemarking en handelsmerk-ontwikkeling;
- trust en boedelbeplanning;
- “Cloud” platforms & boekhouding;
- arbeidsverhoudinge;
- prestasiebestuurstelsels;
- besigheid “coaching”;
- risiko bestuur;
- en besigheidsproses bestuur,

om maar net 'n paar te noem.

Ons sien uit om van hierdie dienste in diepte met u te bespreek.

Al is ons self baie opgewonde oor die toekoms, is daar ook verskeie versekerings wat ons aan u wil bied:

- Ons fooi struktuur sal nie verander nie.
- U sal voortgaan om te werk met dieselfde mense in ons firma waaraan jy gewoond geraak het.
- Alle dienste wat ons aan u verskaf het in die verlede, sal aangebied word.

Indien u enige vrae het oor hierdie opwindende nuus en wat dit sal beteken vir u, kontak ons gerus. Ons sien uit daarna om u bekend te stel aan 'n paar van ons nuwe kollegas.

Nie net sal hierdie assosiasie ons toelaat om 'n nuwe perspektief aan ons kliënte te bring nie, maar dit kom ook saam met 'n vars en opwindende korporatiewe beeld.  Ons bestaande logo is aangepas om die nuwe benadering tot dienslewering uit te beeld. Saam met al hierdie nuwe en opwindende veranderinge het ons besluit om ons naam ook te verander. Ons wou dit nou al vir n rukkie doen maar het nooit die korrekte tyd gekry om dit toe te pas nie. In toekoms sal De Wet van Schalkwyk Inc. as DWVS Inc geken word.

Ons wil graag hierdie nuwe voorkoms met u te deel en glo dat u saam met ons opgewonde sal wees, aangesien ons deel word van 'n nasionale liggaam van professionele mense.




Ons is dankbaar dat u ons kliënt is - nie net om vir ons die geleentheid te gee om aan u ‘n wyer verskeidenheid van dienste te bied nie, maar ook vir u lojaliteit en vriendskap.

Ons is vol vertroue dat ons nuwe assosiasie met **“The Core Group”,** ons almal goed sal dien.

Vriendelike groete,

**Stephan van Schalkwyk & Juandré van Schalkwyk**

**Direkteure**